of nie, is 'n vraag wat soos soveel ander, baie moeilik met 'n onomwonde j a of n e e, sonder voorbehoud, beantwoord kan word," aldus mnr. Moerdyk. „Tog dink ek dat die antwoord j a veel meer waarheid besit as 'n ontkennende antwoord Die Kaaps-Hollandse boustyl is op dieselfde manier 'n Afrikaanse produk as die Afrikaanse taal, die Afrikanerbees en, per slot van rekening, die Afrikaner self. Daar is min persone wat betwyfel dat die Afrikanerbees 'n produk is van die mens in Suid-Afrika, so geteel om aan Afrikaanse vereistes te voldoen En dit sou verkeerd wees om te beweer dat die Afrikanerbees eintlik 'n Europese bees is omdat altwee soorte horings, stert en pote het.

## GEMENE FAKTORE

„Daar is in die argitektuur, wat 'n uiting is van die menslike vernuf en wat voldoen aan menslike behoeftes en vereistes, in alle lande natuurlik sekere gemene faktore. En besien uit die standpunt van gemeenskaplike faktore in alle argitektuur, is dit moontlik om te betoog dat die Afrikaanse argitektuur, soos die Afrikaner self, eintlik 'n faktor is wat in Suid-Afrika ingevoer is.

„In soverre as die Afrikaanse boukuns egter uiting gee aan toestande wat alleen in Suid-Afrika heers, is dit omdat ons oud-Hollandse boustyl, in teenstelling met alle ander in Suid-Afrika, die enigste is wat volkome getrou die eienskappe van sy tyd en sy omgewing weergee. Die indeling van die Afrikaanse huis is ook te vinde in huise van dieselfde tyd in Amerika en in Nederlands Indië. Ek het verskeie gevalle van groot ooreenkoms in daardie uiteenlopende lande aangetref. Dit is ook 'n verdeling wat taamlik algemeen in sewentiende- en agtiende-eeuse huise toegepas word. Die gewel is 'n voortvloeiing uit die Vlaamse barok-argitektuur, wat op sy tyd

„Maar die toepassing van die gewel, die harmonisering as geheel en veral die logiese ontwikkeling van die H-huis, met die bykomstige Indiese invloede soos stoep, witkalk en lugtige ruimverdeling, is iets wat in daardie vorm alleen in Kaapland aangetref word. Wat kleinighede betref, is daar sterk ooreenkoms tussen Kaaps-Hollandse huise en Indies-Hollandse geboue van daardie tydperk (die boligte is b.v. eners). Kleinighede aan Kaapland se geboue is in baie gevalle deur Indiese werksmense uitgevoer, soos werk aan die Kat en die ysterwerk wat nou weerskante van die deur op Groote Schuur staan.

„Die bewering dat daar min oorspronklikheid of bodem-eienheid in die Suid - Afrikaanse argitektuur steek, kan alleen geregverdig wees wanneer alle onderdele uitmekaar gepluis word en die oorsprong elders gesoek — wat waarskynlik wel gedoen kan word. Dit is egter met die werk van blankes, waar ook al, die geval. Dis moontlik om op daardie manier te bewys dat daar nie so iets as 'n Afrikaanse taal is nie, omdat in die wortel van die woord teruggewerk kan word tot wie weet waar.

## SUIWERE PRODUK

„Praat ons egter oor die ding as geheel, as nuwe harmonie en konsepsie, dan kan ons sonder voorbehoud en met waarheid sê dat die Kaaps-Hollandse boustyl in sy geheel en op die manier waarop ons dit nou vind, nêrens anders ter wêreld so aangetref word nie en daarom 'n suiwere produk van die land is.

„Die Kaaps-Hollandse styl is nie 'n ding heelhuids ingevoer en hier onverteer neergeplak nie. Die Uniegebou is ingevoer, nie heelhuids nie, maar darem onverteer — die Kaaps-Hollandse boustyl is so verteer dat dit die land se eie goed geword het."